E-pos beatricemn@tuis.co.za



Dieremaniere

Doen terapie met jou troeteldier en vind uit waarom jou hond in die huis behoort te slaap.

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Terapie met troeteldiere

Het jy geweet dat jy jou dieremaat se liefde met ander kan deel? Deeglike wetenskaplike navorsing het bewys dat die interaksie tussen mense en troeteldiere terapeuties is en fisieke, emosionele, sielkundige en sosiale welstand bevorder. Vrywilligers by PAT (Pets as Therapy) bied mense in nood die geleentheid om voordeel te trek uit dié kontak met troeteldiere deur hul honde en katte na onder meer hospitale, tehuise, aftree-oorde, spesiale skole en sorgsentrums te neem om pasiënte, inwoners en leerlinge te besoek.

As jy dieselfde wil doen, word 'n lid van PAT – jaarlikse registrasie kos R120. Hulle sal jou en jou troeteldier as 'n span evalueer op grond van die volgende:

- Die geskiktheid van die troeteldier, sy temperament, asook by watter tipe kliënte hy sal pas. 'n Ou hondjie sal byvoorbeeld oorweldig voel in 'n kinderhuis, maar sal floreer in 'n sorgsentrum.
- Hoe jou troeteldier in 'n reeks toetse vaar. Hulle gaan kyk hoe hy reageer as iemand aan sy stert, bek of ore vat, of as hy 'n harde geraas hoor of in 'n onbekende omgewing is.

Jy en jou troeteldier sal dan by 'n geskikte inrigting ingedeel word en jy sal voortdurend ondersteuning kry om jou selfvertroue tydens besoeke te bou. 'n Gemiddelde besoek duur omtrent 'n uur. Hoewel dié nieregeringsorganisasie hoofsaaklik in die Wes-Kaap bedrywig is, het hulle ook kantore in Polokwane en Port Elizabeth; daar word tans persone gesoek wat kantore landwyd kan beman. Vir meer inligting en om te registreer, besoek **pat.org.za**. >>

Vat so!

Napoleon die kat leer vir Tannith die basenji 'n paar karate-kappe. – *Magrietha Ferreira, Plettenbergbaai*

Ag, moeder!

Moenie dat Jamie se onskuldige gesiggie jou flous nie; dié boerboel-labrador-kruis is 'n regte karnallie! – *Gavin Stander, Bellville*



Daar's nog hon... maats ... bladsy